

Grootste enkele mieliekontrak in SA onderteken

Vida Booysen

Bloemfontein. – Suid-Afrika se grootste enkele mieliekontrak, vir die verskaffing van 'n allermintige 800 000 ton per jaar, is tussen die pluimvee- en voermaatskappy Astral en Trade-Vantage van Senwes gesluit.

Die kontrak is vir 'n tydperk van twee jaar van Mei vanjaar tot April 2018 gesluit. In hierdie tydperk sal die af-

setpunte van Astral se veevoermaatskappy, Meadow Foods, in Ladismith, Port Elizabeth, Pietermaritzburg, Standerton, Delmas en Randfontein die 800 000 ton mielies per jaar ontvang.

“Mielies is die hoofbestanddeel van ons dierevoer en dit is noodsaaklik dat ons 'n vennoot het wat ons deurlopend van 800 000 ton per jaar kan voorsien,” sê Chris Schut-

te, uitvoerende hoof van Astral. Meadow Foods word beskou as die markleier vir die verskaffing van voer en produseer 1,5 miljoen ton voer per jaar.

Francois Strydom, uitvoerende hoof van Senwes, sê die maatskappy is vol vertroue dat hy ondanks die droogte steeds die mielies betyds en ingevolge die kontrak sal lewer.